LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

17-07-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 23 VIR 2018

1 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Kuns wat deur buite-instansies gedoen is, se sluitingsdatum vir uitslae is Vrydag, 20 Julie 2018.

2 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:**
Bring asb. uitslae, sertifikaat en repliek (Gr 1-3) asook naam van gedig/dramastuk na Juf. Lizelle en (Gr 4-7) na Juf. Madeleine. Afsnydatum vir Suikerbosrand Eisteddfod uitslae is Vrydag, 20 Julie 2018. Geen laat uitslae word aanvaar nie.

3 **KOOR**:
Seniorkoor:
Geen oefening op Woensdag nie a.g.v. die Akademiese uitstappie. Ons oefen wel weer op Woensdag, 25 Julie vanaf 14:00 - 15:45.
Juniorkoor:
Daar sal oefening wees op 23 Julie vanaf 14:00 - 14:45.
Baie belangrik!
Heidelberg Eisteddfod (kore) vind plaas op 17 Augustus. Daar is baie min tyd oor tot dan. Maak asseblief seker dat u kind al die oefeninge bywoon en nie ander afsprake reël in koortyd nie! Ons kan nie nou meer verskonings aanvaar nie! Indien daar wel 'n probleem opduik, kom maak asseblief persoonlik verskoning by Juf Danell Oosthuizen of Juf Sarita Sprong.

4 **AKADEMIESE UITSTAPPIE 2018:**
Ons uitstappie vind plaas op Woensdag, 18 Julie 2018. Leerders gaan Beauty and the Beast kyk by die Atterbury Teater in Pretoria. Leerders moet reeds 07:15 voor die hoofgebou aantree. Busse behoort 14:30 terug by die skool te wees. Leerders ontvang vandag 'n inligtingsbrief.

5 **OUERAAND:**
Oueraand vind plaas op Woensdag, 18 Julie vanaf 16:00 per afspraak. Onderwysers het reeds verlede kwartaal afsprake met sekere ouers gemaak. Maak seker u woon u afspraak stiptelik by, aangesien almal op afspraaktye werk.

6 LANDLOOP 2018:

Oefentye is Maandae tot Donderdae vanaf 16:00 - 17:00 by Hoër Volkskool.
Aangesien daar net 3 ligabyeenkomste is i.p.v. 4, **moet atlete al 3 byeenkomste** hardloop om te kwalifiseer vir D7.

27 Julie	-	Voorwaarts (Meyerton)
3 Augustus	-	Heidelberg/Laer Volkskool bied aan (venue sal deurgegee word)
17 Augusutus	-	Dick Fourie Stadion (Vereeniging)
25 Augustus	-	Sedibeng Oos - Isak Steyl Stadion (Vanderbijlpark)
1 September	-	Gauteng Kampioenskappe (venue sal deurgegee word)
28-29 September	-	Nasionale Kampioenskappe (Universiteit - Bloemfontein)

7 KRIEKET:

Daar is proewe vir 0/9 tot 0/11 op Donderdag, Maandag en Dinsdag vanaf 14:00 - 15:00.

Krieketoefening begin op Donderdag, 19 Julie vanaf 14:00 by die krieketnette vir 2de & 1ste spanne. Maandae oefen 0/9 tot 0/11 vanaf 14:00 - 15:00 op die rugbyveld en Dinsdae oefen hulle tot 15:30 by die nette. Donderdae is geskeduleer vir hulle vir wedstryde. Maandae oefen 2des en 1ste span vanaf 14:00 - 15:30 by die nette en Donderdae oefen hulle dieselfde tyd op die rugbyveld. Dinsdae is geskeduleer vir hulle vir wedstryde.

8 MUSIEKFEES:

Ons beplan hierdie jaar 'n Musiekfees op 10 & 11 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies kan deelneem en saamwerk om dit iets regtig spesiaal te maak. Daar is reeds briefies uitgegee in die tweede kwartaal, maar om seker te maak dat daar soveel moontlik Volkies deelneem en niemand onnodig uitmis nie, is daar nog geleentheid tot Vrydag, 3 Augustus om te antwoord. Daar sal briefies by Juf Madeleine Strydom beskikbaar wees. Daar is geen ekstra uitgawes aan verbonde nie, so kom ons kyk of ons dit 'n ware spanpoging kan maak!

9 SWEM:

Baie geluk aan die volgende swemmers wat in die vakansie aan die Sasol Nasionale Swem Kampioenskappe deelgeneem het: Cristopher Strydom, Huib Sprong, Wilhelm Verwoerd, André Sprong, Tristan Le Grange, Lenya Price, Zandré Smook en Willem-Jan Sprong.

Baie geluk aan Huib Sprong en Wilhelm Verwoerd wat op die EGA Xcel performance Junior Squad verkies is en Cristopher Strydom wat verkies is tot die EGA Xcel performance Elite Squad wat in 2019 in Italië gaan deelneem.

10 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdae en Donderdae. Oefening begin 19 Julie. Oefentye vir Graad 1 en 2 seuns is vanaf 13:00 - 14:00. Graad 1 en 2 dogters en Graad 3 en 4 seuns en dogters oefen 14:00 - 15:00.

11 SKOOLGELDE:

Alle uitstaande skoolgeld en naskoolgeld moet asb. so spoedig moontlik vereffen word. Alle rekeninge sal vandag ge-epos word.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF